

12 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 5:17-20

Fokusgedeelte: Matteus 5:17

'n Halwe eier beter as 'n leë dop

Ken jy die spreukwoord: 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop? Is dit vir jou genoeg om elke dag Bybel te lees, 'n gebed te doen, 'n kerkdienste te voltooi ... Kan jy God hiermee bluf terwyl jy ander afbreek?

Dit was vir die Jode goed genoeg om die Wet net bolangs na te kom. Hulle was min gepla of hulle God onteer deur weduwees en ander mense af te breek! Dink jy ook God weet nie wat jy aan Hom en ander mense rondom jou doen nie?

Met sy kruis en opstanding het Hy die volle betekenis van die Wet van God gebring: Dit is om God en ons naaste onvoorwaardelik lief te hê in alles wat ons dink, sê en doen! Hierdie bedoeling van die Wet het Hy Self in ons plek vir ons kom vervul! Só het Hy eers die stukkende verhouding tussen God en ons kom regmaak sodat ons verhouding met Hom en gevolglik ook met mekaar en alle mense in plek kon kom.

Hoe kan jy dan vir enige mens, ongeag wie hy of sy is, met dit wat jy dink of sê, afkraak en afbreek en dan nog dink jy as nuutgemaakte koninkrykskind vervul sy Wet? Gaan dink weer! Jy wat sê jy glo, en daagliks jou geloof wil uitleef, is verhoudinge met God en jou medemens 'n prioriteit ook in jou denke en optrede?

Bid die Heilige Gees om jou te help om van vandag deur sy Woord hierin te groei! Jy kan nie met 'n halwe lewe tevrede wees nie!

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. SFF van der Walt (Kathu/Olifantshoek)